# *Soli Deo Gloria*:

# Die lewe en werk van prof. dr. H.G. Stoker

## (4 April 1899 – 16 Mei 1993)

A.W.G. Raath
Dept. Staatsreg en Regsfilosofie
Universiteit van die Oranje-Vrystaat
BLOEMFONTEIN

## 1. 'n Nederlandse loot op Afrikaanse stam

Op 16 Mei 1993 het die befaamde akademikus en volksman prof. H.G. Stoker ons ontval. Hy was die kleinseun van die 'stamvader' van die Stoker-familie in Suid-Afrika. Sy oupa, Hendrik Stoker, is op 14 Julie 1835 te Assen, Nederland, gebore as die seun van Jan Stoker en Lammechien Strabbing. Op 9 April 1862 tree hy op "'t Zandt" in die huwelik met Hindertjen Bos wat op 24 Desember 1839 gebore is. Uit hul huwelik is 9 kinders gebore, waarvan Pieter, gebore 5 Februarie 1865, die tweede kind was.

Vanaf 15 Mei 1884 tot 4 Februarie 1885 was hy tydelik in Utrecht woonagtig. Op 12 Maart 1888 vertrek hy na die Transvaal en word op 28 Julie 1888 deur sy vader Hendrik Stoker gevolg. Vanweë die gesondheidsprobleme van sy seun Jan keer Hendrik Stoker op 1 Oktober 1904 na Nederland terug, waar hy as stamvader van die Stoker-geslagslyn in Suid-Afrika op 14 Mei 1908 oorlede is. Sy seun Pieter Stoker is op 12 Februarie 1894 in die eg verbind met Leentje Nienhuis, wat op 24 Februarie 1873 te Bedum, Nederland, gebore is. Op egte pionierswyse het sy met die harde lewe in die ou Boererepubliek kennis gemaak. Na 'n reis van vyf weke het sy en haar gesin in 1884 in Durban aan wal gekom. Vanaf Pietermaritzburg het die gesin met transportwaens (getrek deur veertien donkies elk) na die ZAR gereis.

Uit haar huwelik met Pieter Stoker is ses kinders gebore, waarvan Hendrik Gerhardus op 4 April 1899 te Johannesburg die eerste lewenslig aanskou het. Ses maande na sy geboorte moes sy vader na die front vertrek toe die Anglo-Boereoorlog op 11 Oktober 1899 uitbreek. Hy het as Nederlandse vrywilliger by die Boerekommando's aangesluit en onder andere aan die beleg van Mafeking deelgeneem. Tydens sy tuisverlof is Johannesburg deur die Britse magte beleër en van toe af het Leentje en Pieter die lyding van vroue en kinders in kampe

asook van gesinne in Johannesburg help lenig deur die gereelde verskaffing van voedsel en algemene onderhoud en deur afhanklike kinders onder hul sorg te neem. So het die Stoker-gesin as gevolg van oorlogsnood met die Afrikanervolk saamgegroei, – 'n Nederlandse loot op Afrikaanse stam.



**Henk Stoker staande regs agter saam met sy vader, moeder, susters Johanna (staande links) en Martha (staande regs), broers Pieter (links voor) en Hermanus (regs voor) – ongeveer 1913. (Foto: H.G. Stoker-versameling.)**

## 2. Duitse inslag

Die anti-Britse gesindheid van die Stoker-gesin en die ondersteuning van die Boeresaak deur Pieter en Leentje Stoker het die keuse van die skoolopleiding van hul seun Hendrik 'n netelige aangeleentheid gemaak. Uiteindelik is hy vir sy skoolopleiding ingeskryf by die *Deutsche Schule*. Die onderrig wat die jeugdige Henk hier ontvang het, sou sy persoonlike vorming en sy lewenskoers oortuigend rig. In sy latere lewe sou die akademiese presiesheid, analitiese skerpte en pynlike deeglikheid die invloed van sy Duitse onderrig weerspieël. Dat die onderwysers van die Duitse skool in Johannesburg dit nie altyd maklik gehad het met die onnutsige ondeundheid van Henk Stoker nie, spreek uit die talle staaltjies wat hy met 'n vonkel in die oog in die fynste besonderhede kon verwoord.

Alhoewel Pieter Stoker 'n kruideniersonderneming in Johannesburg bedryf het, het hy en sy vrou besondere moeite gedoen om hul seun 'n afgeronde skoolopleiding te gee. In 1912 verwerf Henk die tweede prys vir voordrag in 'n taalwedstryd uitgeskryf deur die Algemeen Nederlands Verbond vir Johannesburg "en omstreken". In dieselfde jaar verwerf hy die sertifikaat vir klavier in die laer afdeling van die Universiteit van Suid-Afrika en slaag sy standerd ses in Engels, Hollands VI, somme, wiskunde, geskiedenis, aardrykskunde, wetenskap, hout- en metaalwerk. In die volgende jaar slaag hy sy standerd sewe en verwerf die sertifikaat vir klavier in die hoër afdeling. Ook slaag hy die Taalbondeksamen van die Zuid-Afrikaanse Akademie in Hollands en verwerf 'n derde prys in die taalwedstryd van die Algemeen Nederlands Verbond in dieselfde jaar. In 1914 slaag hy die Taalbondeksamen in Hollands in die hoër afdeling.

Sy belangstelling in Wysbegeerte het reeds in standerd 8 begin toe hy uit louter weetgierigheid enkele wysgerige en sielkundige boeke in die skoolbiblioteek bekom het.

Vanweë die moeilike omstandighede waarin die Duitse skool in Johannesburg verkeer het, as gevolg van die Suid-Afrikaanse betrokkenheid by die Eerste Wêreldoorlog, was Henk se ouers verplig om hom in te skryf by die Potchefstroomse Gimnasium, waar hy in 1916 matrikuleer in die eerste klas.

Die akademiese invloed wat dosente aan die Gimnasium op die denke van Henk Stoker uitgeoefen het, was in talle opsigte rigtinggewend. Sy kennismaking met die klassieke sou 'n blywende belangstelling daarin tot gevolg hê, terwyl dr. J.D. du Toit (Totius) se voordragte oor die Bybelboek Jesaja hom finaal van die waarde van die Christelike lewenshouding oortuig het. Van sy Calvinisties-wysgerige vorming vertel hy self:

> Wysgerige belangstelling tydens Matriek en veral B.A., ook geprikkel deur Calvinistiese perspektiewe gegee met algemene (oop) kolleges van prof.

> J.A. du Plessis (*pater Wiki*) en prof. Dr. J.D. du Toit ... Ek het nooit getwyfel nie: Wysbegeerte word my loopbaan!

Sy akademiese belangstelling is dermate geprikkel dat hy met sy akademiese vorming voortgaan. In 1917 verwerf hy die sertifikaat in die tweede klas vir die Afrikaanse taaleksamen van die Saamwerk Unie, asook die sogenaamde "Intermediair Eksamen" in die tweede klas van Unisa. Sy betrokkenheid by kultuur- en verenigingsaktiwiteite bly nie agterweë nie – in 1918 is hy voorsitter van die studentevereniging *Corps Veritas Vincet* aan die PU vir CHO. As student was Henk 'n aktiewe lid van die Korps. By twee geleenthede was hy penningmeester van die bestuur en het hy 'n reuse aandeel gehad in die maak van die Korps se eerste vaandel. In die ou notules is dit duidelik dat hy heel gou 'n indoena was waarna die ander opgesien het. Ds. Jacs van Rooy, sy jonger tydgenoot en voorsitter van 1925, vertel die volgende:

> Stoker was ook die man vir die vaandel. Hy was altans die vaandeldraer. Elke vergadering moes hy die vaandel staan maak en na afloop weer netjies in die kis besorg en bewaar. Die susters van die Convent het dit gemaak. 'n Ware kunswerk. Toe tree Stoker af en Broekie word vaandeldraer. Hendrik dra die vaandel by Broekie in, 'toe Broekie, daar is hy'. Broekie is op die verkeerde voet gevang en weier toegang. Stoker laat die vaandel net daar en stap weg. Groot manne ...

Vir sy hele lewensloop sou H.G. Stoker onvermoeid vir die Korps ywer.

## 3. *Spes in arduis*

*Spes in arduis* is die wapenspreuk op die embleem van die Universiteit van Suid-Afrika op die B.A.-graad-sertifikaat wat Henk Stoker in 1919 verwerf voordat die PU vir CHO as selfstandige universiteit gefunksioneer het. Nagraadse studie aan die PU vir CHO was geen maklike saak nie omdat geskikte dosente vir filosofiese studie op M.-vlak feitlik onbekombaar was: proff. J.C. van Rooy en L.J. du Plessis moes inspring om die wa deur die drif te kry. Ook Totius moes hand bysit om Bosanquet se standaardwerk in Staatsfilosofie met Stoker deur te werk. Tydens sy universiteitsloopbaan aan die PU vir CHO het Henk ook op sportgebied diep spore getrap. Vanaf 1917 is sy gesig geen uitsondering op rugbyfoto's van die Theos se eerste en tweede spanne nie. In 1919 word van hom geskryf: "H. Stoker. Die ligste voorspeler, hij is 'n baie ervare klein speler, skop en verdedig goed". Prof. Jooste beskryf Henk ook as een van die beste "dribblers" wat hy geken het. Henk Stoker se toewyding op die rugbyveld het as beloning opgelewer 'n vriendskaplike wedstryd waarin hy vir Wes-Transvaal teen Transvaal gespeel het en die toekenning van erekleure deur die PU vir CHO.



Henk Stoker kort na die voltooiing van sy M.A.-graad in 1921. (Foto: H.G. Stoker-versameling.)

In 1921 verwerf hy die "Voorlopige Onderwysakte van de Eerste Klas" in hoërgraad Afrikaans met hoofvak Latyn en byvak Fisika en intussen gaan hy met sy nagraadse studie voort en verwerf in 1921 die M.A.-graad (klas 1) in Filosofie. Hiermee is hy toegerus vir sy verdere voorgenome studie in Filosofie onder die befaamde prof. Herman Bavinck. Op die tydstip dat hy byna op weg is na Nederland sterf prof. Bavinck egter en bevind Henk Stoker hom sonder akademiese heenkome in Nederland. Letterlik van bakboord na stuurboord moes hy rondval om 'n geskikte akademiese tuiste te vind. Prof. Hoekstra van Kampen het hom ontbied en verwys na dr. S.O. Los, predikant in Den Haag, vroeër van die PU vir CHO. Hier is hy verwys na ds. (later prof.) Vollenhoven, predikant in Den Haag, wat hom weer na proff. Buytendijk en Bouwman (psigiater aan die V.U.) verwys. Van Buytendijk het Stoker 'n bekendstellingsbrief na prof. Scheler

ontvang. Hier sou sy akademiese loopbaan onoortreflike hoogtes bereik. Onder die beroemde prof. Max Scheler te Keulen sou hy sy doktorale studie voortsit.



Henk Stoker as student in Keulen, Duitsland – 1922. (Foto: H.G. Stoker-versameling.)

Reeds in 1922 skryf hy in Keulen in vir doktorale studie in Filosofie, met prominente leermeesters soos proff. Scheler, Schneider, Lindworsky, Lichtenberg, Kahl, Hessen en andere. Sy doktorale studie voer hom ook na Berlyn, waar hy onder andere onder proff. Spranger, Schmidt, Vierkandt en Köhler studeer. Terug in Keulen in 1924 sit hy sy studie onder Scheler voort. Sy studieloopbaan bereik hier 'n hoogtepunt met die voltooiing van sy proefskrif met die titel *Gewissenphänomene: Eine psychologisch-philosophische Studie.* Op 4 Julie 1924 word die doktorale graad in Filosofie met onderskeiding aan die 25-jarige Henk Stoker toegeken en neem Scheler dié studie op in sy reeks *Schriften zur Philosophie und Soziologie*, sodat die drukwerk Stoker niks kos nie.

Die korrespondensie tussen promotor en doktorale student tydens sy doktorale studie getuig van die groot agting wat die beroemde Max Scheler vir sy jong student uit Suid-Afrika gehad het. By verskeie geleenthede het Scheler selfs die

ongehoorde ding gedoen om sy student vir ete te nooi en diepsinnige filosofiese problematiek met hom te bespreek en te debatteer.

Die proefskrif van Henk Stoker is onmiddellik met groot waardering en belangstelling in die akademiese wêreld ontvang. Lang akademiese diskussie en uitgebreide korrespondensie met akademici binne en buite Suid-Afrika het gevolg. Dit was veral met prof. R.W. Wilcocks van die Departement Sielkunde aan die Universiteit van Stellenbosch dat Henk Stoker indringend akademiese debat gevoer het. Gunstige resensies van die proefskrif het feitlik onmiddellik van die Franse akademikus E. Duprat en die Duitse geleerde Gerhard Lehmann gevolg.

Vanweë sy akademiese statuur was Henk 'n vanselfsprekende aanstelling as senior lektor in Wysbegeerte en Sielkunde aan die PU vir CHO. In 1930 word hy benoem as professor in albei vakgebiede. Eers in 1936/37 het dr. J.M. Hattingh die verpligting van Sielkunde by Stoker oorgeneem sodat hy Wysbegeerte as doseerverpligting behou het.

## 4. Die opbou van 'n universiteit

Die PU vir CHO was op daardie tydstip in sy wordingsjare en sommige departemente moes van onder opgebou word. Dié taak is grootliks in die wiele gery deur die depressie in die vroeë dertigerjare. Vanweë die ekonomiese nood van die Universiteit is Stoker se las vererger met die ontslag van dr. Gerrie Eloff, sy assistent in Sielkunde. Die volle doseerlas aan B.A.-, M.A.- en D.Phil.-Wysbegeertestudente asook B.A.-, B.Sc.- en M.A.-Sielkunde-studente het (insluitend laboratoriumklasse) 53 lesure van 45 minute elk behels. Geleidelik het sy doseerlas na 20 lesure per week in latere jare afgeneem.

Ten spyte van dié swaar lesinglas het sy akademiese produktiwiteit op die hoogste vlak gefunksioneer. In 1929 verskyn sy eerste monografie *Kristendom en Wetenskap*, in 1930 sy inougurele rede aan die PU vir CHO met die titel *Die krisis in die teenswoordige Sielkunde* en in 1933 *Die nuwere Wysbegeerte aan die Vrije Universiteit; Iets oor redelikheid en rasionalisme; Die slakkehuisteorieë van die bewussyn* en *Die Wysbegeerte van die Skeppingsidee*. Vir die eerste keer kry Afrikaansprekende studente standaardbronne in Christelike Wysbegeerte en Sielkunde in hul eie taal.

Die akademiese aktiwiteite van Stoker kry in hierdie tyd (1929-1933) beslag met tientalle artikels wat uit sy vrugbare pen verskyn. Sy insigte in die wortelproblematiek van die Wysbegeerte kom stelselmatig tot afronding en ryping, terwyl hy met die grondleggers van die Wysbegeerte van die Wetsidee oor die grondvrae van die Calvinistiese denke worstel.

Altyd krities, altyd oop vir ander standpunte en kritiek op sy eie, altyd voortsoekend in die lig van Gods Woord, bou Stoker geleidelik die Calvinistiese Wysbegeerte uit en help om die bakens van die Christelike wetenskap al verder in te slaan.

Hendrik Stoker, die akademikus en filosoof, word die akademiese krag van die Calvinistiese Wysbegeerte in ons land; 'n kragbron vanuit die kring van die PU vir CHO.

## 5. Calvinistiese aksie en spanninge

Van huis uit gereformeerd opgevoed het die Calvinistiese gees en aksie van Potchefstroom hom met sy matriek-, B.A.- en M.A.-jare gepak en besiel. Vanaf 1925 het die invloed van onder meer proff. J. Kamp, J.C. van Rooy; D.J. van Rooy, L.J. du Plessis en ander die Calvinistiese vlam in sy werk hoog aangeblaas. Die werke van proff. H. Bavinck, A. Kuyper, J. Woltjer, asook Geesink, Fabius en Hoekstra het met die beslaggewing van sy Calvinistiese denke steeds 'n invloed uitgeoefen. Stoker vertel self:

> Ag, Potchefstroom het met sy Calvinistiese aksie al begin lank voordat ek hier in 1915 gekom het. En met al sy Calvinistiese aksie tot vandag toe het ek my altyd met hart en siel vereenselwig. Die stryd vir en om die Calvinisme (dit wil sê die fundamentele waarhede van Gods Woord en hul betekenis vir die héle lewe) was vir my 'n innig deurvoelde 'belewenis' waarvan ek, sover dit op my weg gelê het, saamgewerk het soveel ek kon.

Hierdie roepingsbesef, hierdie Calvinistiese, oftewel Skriftuurlik-religieuse grondmotief, word veral vanaf die dertigerjare die dryfkrag agter al sy doen en late, agter al sy publikasies (veral Calvinistiese wysbegeerte en Christelike wetenskap); sy hele lewe weerspieël toenemend vanaf die vroeë dertigerjare 'n brandende beywering vir die Calvinisme; die dryfkrag agter talle Dingaans- en Krugerdagtoesprake; die stimulus van sy lesings aan die PU en later RAU. Tog bly die teleurstellings nie uit nie. 'n Starre kanonisering van Herman Dooyeweerd se Calvinistiese oortuigings dryf die Bloemfonteinse Calvinistiese kring daartoe om Stoker as Calvinis te probeer diskrediteer; hy word venynig afgemaak as Protestantse skolastikus en 'n Scheleriaanse eidetikus; die UOVS-studente in Staatsleer en Wysbegeerte word doelbewus teen Stoker se Calvinistiese standpunt die harnas ingejaag. In plaas van vrugbare samewerking word Calvinistiese verdeeldheid vanuit die Bloemfonteinse kring aangeblaas.

Ten spyte van 'n verdeeldheid tussen Gereformeerde Calvinisme en N.G. Kerk-Calvinisme het talle N.G. Kerk-lidmate steun aan die Calvinistiese inisiatiewe vanuit Potchefstroom verleen. Na die stigting van die Calvinistiese Studentebond van Stellenbosch deur ds. P.G.W. Snyman, het veral dr. P.W. Vorster, die beken-

de dr. J.D. Vorster en andere hul aansluiting by Stoker gesoek. In 1930 nooi die Calvinistiese Studentebond vir die eerste keer vir Stoker om hul te Stellenbosch toe te spreek. Vooraf het Stoker van Korps Veritas Vincet toestemming gevra om aan die Calvinistiese Studentebond voor te stel om saam met Korps 'n federasie van Calvinistiese Studenteverenigings te stig. Dit is met akklamasie aanvaar, asook die voorstel van Stoker om 'n F.C.S.V.-publikasiekomitee te stig om Calvinistiese literatuur uit te gee. Die eerste redaksie het bestaan uit die latere prof. F.J.M. Potgieter, ds. Tobie Kotzé (studenteleraar) en Stoker self as hoofredakteur. Vanaf die volgende jaar en tot in 1948 het studente (later drr.) J.D. Vorster en P.W. Vorster as redaksie saam met Stoker gewerk. Die F.C.S.V.-publikasiekomitee was vir talle publikasies verantwoordelik, onder andere *Koers in die krisis I, II en III*, die *Ossewareeks*, die *Verkennerreeks* en *Uit vroueharte*.

Sy volgehoue betrokkenheid by die F.C.S.V.- en ander studentebewegings is veral toe te skryf aan Stoker se liefde vir die Calvinistiese jeug en tweedens die krag en invloed van die F.C.S.V. en sy publikasies op die lidmate en leiers van die N.G. Kerk wat ten diepste geskud is deur die stryd van die N.G. Kerk wat in 1930 teen prof. J. du Plessis losgebrand het.

Hierdie samewerking tussen Gereformeerde, N.G. en Hervormde Calviniste is tot in 1948 voortgesit. Sindsdien is die Calvinistiese aksie deur 'n vurige skismagees vanuit Bloemfontein letterlik in twee geskeur. In sy korrespondensie uit hierdie tyd spreek die hartseer en ontnugtering van dié skeuring in Calvinistiese kringe – 'n jammerlike en tragiese gebeurtenis.

## 6. Wortels van die Calvinistiese skeuring

Die Bloemfonteinse Calvinistiese kring het veral om twee redes teen Stoker gekant geraak en om dieselfde redes teen die Potchefstroomse Calvinistiese beweging in die algemeen.

Met die ontbranding van die Ossewabrandwag/Nasionale Partystryd het die Bloemfonteinse kring eendragtig hul gewig by die NP ingegooi, terwyl die Potchefstroomse groep in vier rigtings uiteengegaan het, maar tog steeds hartlik saamgewerk het. Prof. F. Postma se standpunt was dat hy albei bedank omdat hy die PU nie in die stryd wou betrek nie. Totius was van oortuiging dat die NP en OB albei tot die volk behoort en dus wou hy geeneen van die twee bedank nie. Prof. J.C. van Rooy het sy gewig heelhartig by die NP ingegooi en wou van daaruit die Calvinisme bevorder. Op sy beurt het prof. D.J. van Rooy heelhartig as Grootraadslid sy gewig by die OB ingegooi en die Calvinisme van daaruit bevorder. Ten spyte van verskille het al vier rigtings steeds intiem saamgewerk. Hierteen was die Bloemfonteinse Calviniste gekant en het sterk standpunt teen Stoker ingeneem.



Prof. H.G. Stoker – ongeveer 1948. (Foto: H.G. Stoker – versameling.)

Stoker was een van die stigters van die Nasionale Jeugbond by die fontein van die Mooirivier. Die F.C.S.V. sou die beleidsbepaler wees, terwyl die ASB (kultuurleiding), die OB-jeug, die NP-jeug en 'n te stigte organisasie van arbeidersjeug by die NJB sou inskakel. Kort hierna het Bloemfonteinse leiersfigure die NP teen die OB gekies en geëis dat die F.C.S.V. uit die NJB moet uittree. Kongresrusies het tot 1948 aangehou en totdat die F.C.S.V. uiteindelik begrawe is. In hierdie stryd het drr. P.W. Vorster en P.W. Vorster solied agter Stoker gestaan, soos trouens talle N.G.-Calviniste wat hul nie aan skeurmakery wou skuldig maak nie. By al die hartseer van Calvinistiese verdeeldheid, het die seën nie uitgebly nie. In 1948 bring die Bloemfonteinse groep die Vereniging vir Christelike Hoër Onder-

wys tot stand wat veral in N.G. Kerkkring 'n groot krag en invloed ontwikkel het. Wat was Stoker se ingesteldheid jeens hierdie gebeure?

Hy vertel:

> My akademiese houding en lewenspraktyk: in isolement lê ons Calvinistiese krag, maar nie in isolasie nie. Verskillende nuanses van Calvinisme moet saamwerk. Daar is selfs waarheidsmomente by andersdenkendes ... . Met verskyning van elke nuwe Calvinisties-wysgerige en Christelik-wetenskaplike publikasie (hier of oorsee) het ek opgewonde in my hart gejubel – of ek nou met alles daarin saamstem of nie! Ons verskille is mos sekondêr. Ons gemeenskaplike uitgangspunt primêr.

Hierdie standpunt het Stoker beslag probeer gee in die *Bulletin* van die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Christelike Wetenskap waarvan hy stigterslid en eerste voorsitter was. As eindredakteur van die *Bulletin* moes Stoker geweldig baie tyd afstaan aan redaksionele arbeid in plaas daarvan om meer tyd te spandeer aan sy eie navorsing.

## 7. Kampvegter vir die Christelike wetenskapsleer

Vanaf Henk Stoker se studentejare, maar veral sedert sy eerste publikasie in 1929, was hy enersyds geïnteresseerd in die vraagstuk van 'n Christelike grondlegging van wetenskapsbeoefening en andersyds in 'n volgehoue diskussie en worsteling met die verskillende nuanses van die positivisme. In besonder het Stoker probeer aantoon dat die neutraliteitsdogma van die positivisme nie help nie en het hy as vurige kampvegter van 'n Christelike begronding van wetenskapsbeoefening na vore getree. Dít is geïnspireer deur die feit dat, afgesien van individuele bydraes tot die wetenskapsleer (waar onder Husserl, Scheler, Heidegger) en afgesien van kritiek uit allerlei hoeke, die positivisme gedurende die eerste vyftig jaar van hierdie eeu so te sê die alleenheerskappy gevoer het. Ook is 'n Christelike benadering van wetenskapsbeoefening nie net subjektief as bevooroordeeld nie, maar ook as wesenlik onwetenskaplik beskou.

## 8. Metodologiese begronding

In latere jare het Stoker al meer belangstelling in 'n konstruktiewe begronding van metodologie begin toon, waarin hy probeer aantoon het dat die relevante seleksie sowel as selektiewe relevansie van metodes nie neutraal is nie. Die betekenis daarvan het veral duidelik geword op grond van sy worsteling met Dooyeweerd.

'n Belangrike gebeurtenis in Stoker se wetenskaplike worsteling in hierdie verband was die versoek van die Akademieraad aan Stoker om oor die eenheid van die wetenskap 'n bydrae te lewer. Die vrug hiervan het in 1967 die lig gesien as

'n referaat wat gelewer is op die algemene vergadering van die Akademie. In sy bydrae het Stoker tot die insig gekom van die noodsaaklikheid om tussen analitiese en kontekstuele wetenskapsondersoek te onderskei. Ook het hy tot die insig gekom dat in ons bedeling van sondeval en verlossing wetenskapsbeoefening noodwendig in die dilemma van verbrokkeling of verskeuring verval. Dit het vir hom nuwe verdiepte en verbrede lig op die vraagstuk van 'n Christelike grondlegging van wetenskapsbeoefening laat val. In sy worsteling met Dooyeweerd se transendentale grondlegging van wetenskapsleer (gepaard met sy metode van *Gegenstand*-abstraksie) het dit vir Stoker duideliker geword dat aan die betekenis van denke te veel 'n oorwig in die Christelike wetenskapskring toegeken word en dat 'n mens moet begin met die geheel van kenne as 'n eenheid waarbinne ontwaring (waaronder waarneming) en denke as deelaktes van kenne (gerig en gelei deur kenne) fungeer. Hierdie hele problematologie het 'n nuwe skerpte gekry toe hy gevra is om 'n artikel in Van Til se *Festschrift* te skryf. Vir Stoker was dit eerstens duidelik wat die verskil tussen Van Til se transendente en Dooyeweerd se transendentale metodes was en tweedens die probleem wat deur Van Til aangetoon is insake die afwesigheid van gemeenskaplike kennis tussen *believers* en *unbelievers* – 'n probleem waarmee ook die probleem van ooreenstemming tussen religie en teale wetenskapsbeoefening saamgehang het.

Teen die einde van 1964 moes Stoker sy emeritaat aan die PU vir CHO aanvaar. Hiermee het 'n nuwe fase in sy akademiese loopbaan aangebreek waar hy hom – tot 'n groot mate van sy formele doseerlas verlos – al hoe meer op die Christelike grondslae van die wetenskapsleer kon toespits, al het hy 'n heraanstelling tot in 1969 ontvang. Vanaf 1969 tot 1972 tree hy op as gasdosent aan die RAU, waar hy in 1972 'n monumentale ereprofessorale rede oor die Christelike regsleer voordra, nadat hy hom selfstandig in die regsleer ingegrawe het.

Hierdie intreerede vertoon 'n ryping van Stoker se Calvinistiese denke wat tot op datum nog nie in al sy diepte gepeil is nie. Alhoewel hy sedert 1969 verskeie gaslesings aan die PU vir CHO gelewer het, het Stoker sy beskikbare tyd gebruik om homself verder in die Christelike wetenskapsleer te verdiep. 'n Hoogtepunt van sy wetenskaplike betrokkenheid was sy besoek aan Toronto in 1973. Hy vertel self:

> Met my navorsing in Toronto gedurende 1973 wou ek my dieper en breër in die stand van die huidige wetenskapsleer inwerk en veral probleme van 'n Christelike begronding van wetenskapsbeoefening (waaronder veral metodologiese probleme) wat my die laaste een tot twee dekades besonderlik geboei het verder uitwerk.

Stoker se kontak met dr. Henk Hart van die Christian Institute en prof. Harry T. Leith van York University het vir hom geweldig baie beteken. Sy gedagtes oor die moderne positivisme en die Amerikaans-Engelse historiese skool (waaronder

Th.S. Kuhn) kon hy in sy gesprekke met hierdie akademici grondig slyp. Ongelukkig het hy nie ekstensief sy insigte in publikasievorm kon laat verskyn nie, alhoewel merkwaardige insigte in enkele ongepubliseerde manuskripte gestalte aangeneem het. Toenemende probleme met hoofpyne het sy akademiese werksaamhede grootliks aan bande begin lê, sodat hy al hoe minder kon skryf. Dit het effektief 'n einde aan Stoker se wetenskaplike loopbaan gemaak.

## 8. Afrikanerstryd

Die stryd waarin die Afrikaner gedurende die Tweede Wêreldoorlog gedompel was, het ook rondom die figuur van H.G. Stoker losgebars. Sy optredes tydens die Eeufees-Gedenktrek van 1938 het ongetwyfeld 'n groot invloed op Stoker se siening van die Afrikaner se roeping en vryheid gehad. Voorts het sy kritiek teen Smuts se holistiese lewensfilosofie op staatkundige terrein vir Stoker toenemend bewus gemaak van die volkskrisis waarin die Afrikaner homself bevind. Tydens die Tweede Wêreldoorlog het die regering se oorlogsbetrokkenheid en die gevolglike Afrikanerstryd 'n prinsipiële keuse geverg, 'n keuse wat Stoker by die Ossewabrandwag laat aansluit het. 'n Sameloop van omstandighede vol intrige het hom rondom die Stoker-gesin afgespeel – omstandighede wat uiteindelik tot H.G. Stoker se internering in Koffiefontein gelei het. H.G. Stoker se bevordering tot kommandant van die OB is teweeggebring eerstens deur die aanval van regeringsoldate op koshuise van die PU vir CHO. Tweedens het die kommandantskap van Wes-Transvaal vakant geraak en is hy deur genl. prof. A.J.H. van der Walt die kommandantskap aangebied. Alhoewel Stoker aanvanklik nie die kommandantskap wou oorneem nie, was daar vrese dat die studente OB-lede onder 'n ander OB-kommandant kon val. Stoker is deur prof. Van der Walt meegedeel dat as hy sou aanneem, hy met betrekking tot studente-aangeleenthede nie net aan die OB-Raad nie, maar ook aan die Raad van die PU vir CHO verantwoordelik sou wees – 'n belangrike oorweging waarmee in dié kritieke omstandighede rekening gehou moes word. Hierop het Stoker hom die pos laat welgeval. Vir sy internering is amptelik aangevoer dat hy 'n hoë amp in die Stormjaers beklee, dat hy 'n vurige Nasionaal-Sosialis is en dat hy radikaal pro-Duits en anti-Engels is. Hierdie gronde is lewenslank heftig deur Stoker ontken omdat hy nooit 'n lid van die Stormjaers was nie, hy in sy werk *Die stryd om die ordes* (1941) en elders die Nasionaal-Sosialisme onbeskroomd gekritiseer het en hy eerder pro-Afrikaans as anti-Engelsgesind was. Die werklike redes vir sy internering het hy later verkry van persone wat sy interneringslêer ter insae gehad het. So beskryf Stoker self dié redes:

> Witwatersrand Universiteitskollegas het na aanleiding van my *Stryd om die Ordes* (waarin ek liberalisme sterk gekritiseer het) op my internering en verbanning van my boek aangedring. 'n Huisvriend het my aangekla: ek luister gereeld na Zeesen-radio. Speurders was teenwoordig met my Krugerdag-

> en Dingaansfees toesprake en die owerheid het nie van die inhoud gehou nie. 'n Telefoontoespraak (hooflyn) is afgeluister, dit het gegaan oor OB/ Party, ek het nie geweet dat die ander persoon 'n Stormjaer was nie. My woorde is deur die owerheid vertolk dat dit gegaan het oor Stormjaers teen regering. Dit was alles aanleidend. Beslissend was die owerheidsbeleid: dit was onmoontlik om alle anti-Smutsiane te interneer maar uit elke streek of groep of kring moet 'n paar geïnterneer word om die ander van die streek, kring, groep af te skrik. Iemand van die PUK moes geïnterneer word, want die owerheid het nie daarvan gehou dat die PUK-Raad sy personeel vryheid van spraak gun nie. Die keuse het gelê tussen prof. F.J. Labuschagne en my; eersgenoemde was 'n tydlank in die tronk en is deur die regbank vrygespreek, toe bly ek as keuse oor.

Die internering van 'n prominente akademikus het groot opskudding in Afrikanergeledere veroorsaak. *Die Vaderland* van 26 Desember 1942 huiwer nie om in sy redaksionele artikel hom sterk teen die internering uit te laat nie:

> Die internering van prof. H.G. Stoker van Potchefstroom, kan nie anders dan die grootste ontsteltenis te verwek nie. Ons glo dat sy eie gemeenskap, in die huidige staat van hulle kennis, almal voel dat as so 'n man opgesluit word, niemand meer seker kan wees dat hy nie voor Nuwejaar agter doringdraad sal sit nie.

Uit die korrespondensie wat Stoker te Koffiefontein ontvang het, val dit op dat veral akademiese kollegas en universiteitsvriende hom met waardering van hul ondersteuning en meelewing verseker het. 'n Besondere vriend wie se korrespondensie vir Stoker veel beteken het was prof. J.D. du Toit (Totius). Middel Maart 1943 skryf Totius van sy meelewing met die interneringsbestaan:

> Al skrywe ek so selde, wees daarvan seker dat my vrou en ek elke dag met jou besig is, en dat ons probeer om ons 'n voorstelling te vorm hoe julle presies lewe en hoe julle die dag omkry. Ek koester van harte die wens van die O.V.S. Algemene Vergadering dat jy eerlang op vrye voete mag wees. Gelukkig gaan dit met Mirjam en die kinders heelemaal goed. Mirjam hou haar dapper en laat ons sien dat sy 'n dogter is van haar volk.

Stoker het dikwels getuig dat Totius se meelewing vir hom besonder baie beteken het. Sy noue persoonlike band met Totius het ook dié wins gehad dat met sy vrylating uit die interneringskamp in 1943, Stoker na Potchefstroom verplaas is, waar hy op Totius se plasie Krugerskraal plaasgeïnterneerd was en slegs met spesiale vergunning vir tydperke van twee dae op 'n keer Nagmaal in Potchefstroom kon gebruik, waar hy hom ook die eerste en derde Vrydag van elke maand by die polisie moes aanmeld.

Die aanhouding van H.G. Stoker, nommer K223/42, vanaf 21 Desember 1942 tot 29 September 1943, het ongetwyfeld 'n groot en blywende indruk op sy gemoed

gemaak, soos blyk uit sy bydrae in *Agter tralies en doringdraad* (1953), publikasie van die *Bond van Oud-geïnterneerdes en Politieke Gevangenes* (B.P.O.G.).

Later het hy self geskryf dat alhoewel hy die internering nie begeer het nie, hy ook nie oor sy internering jammer was nie: hy het die lewe uit totaal 'n nuwe hoek leer ken, het mensekennis (veral ook self-kennis) opgedoen en die geïnterneerde Afrikaner van nader goed leer ken – iets wat hom moed gegee het vir die toekoms van ons volk.

Met 'n arsenaal van kostelike beskrywings kon Stoker vertel van sy betrokkenheid by die sogenaamde Koffiefonteinse Boere-Universiteit. Tydens sy aanhouding het hy meer as 100 keer met klasse en toesprake opgetree (voor die hele kamp, O.B.-byeenkomste, die Calvinistiese Studiekring; stigtelike woorde met kerklike aanddienste by die afwesigheid van 'n predikant; universiteitskolleges in Calvinistiese Wysbegeerte, Etiek, Christelike Sosiologie, Sielkunde, ensovoorts). As rektor van die Boere-Universiteit het die Calvinistiese invloed wat van Stoker uitgegaan het wyd en diep inslag gevind. Byna 40 uiteenlopende kursusse is deur hierdie universiteit aangebied – kursusse vanaf Byeteelt tot Regswetenskap – deur baie bekwame leerkragte. Sy Calvinistiese insigte het neerslag gevind in universiteitsklasse waar geïnterneerdes gesit het van 17 jaar tot diep in die 70 jaar oud; persone wat net standerd 6 behaal het tot persone met doktorsgrade; persone van enige moontlike beroep vanaf mynwerkers tot universiteitsdosente. Hy vertel self van die opbruisende entoesiasme van sy kampstudente:

> En het hulle nie belang gestel nie! So 'n skare voor my te sien was 'n belewenis. Ons universiteit het elke ses maande eksamens afgeneem en eenmaal per jaar sertifikate uitgedeel. Baie van ons studente het gehoop dat – as hulle weer vry is – ander universiteite die sertifikate sal erken!

Selfs in sy internering het 'n groot stuk volksopvoeding deur Stoker se arbeid in volksgeledere neerslag gevind.

## 9. 'n Sieraad vir Christelike wetenskap

Die werksaamhede van en toekennings vir die lewensarbeid van H.G. Stoker getuig van 'n brandende ywer vir die beoefening en uitbouiing van Christelike wetenskap. Sou dit te veel gewaag wees om te sê dat hy in talle opsigte 'n sieraad vir Christelike wetenskap in Suid-Afrika en oorsee was? Sekerlik nie as 'n mens let op die lang lys hoogtepunte in sy akademiese loopbaan nie: 1930 – volle lidmaatskap van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns; 1946 – stigterslid Ekumeniese Sinode van Gereformeerde Kerke, Grand Rapids, VSA; 1962/63 – gasdosent Vrije Universiteit van Amsterdam; 1969 tot 1973 – lid van die adviserende beursekomitee van die RGN; 1970 – ereprofessor RAU; 1971 – erelid van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns; 1971 – aan-

bieding van die Festschrift *Waarheid en werklikheid* met medewerkers uit Suid-Afrika, VSA en Kanada; 1972 – ere-graad *Doctor Philosophiae* toegeken deur die PU vir CHO; 1974 – erelid van die Vereniging vir Wysbegeerte van Suider-Afrika; 1974 – instelling van die reeks Stoker-gedenklesings aan die PU vir CHO.



Prof. H.G. Stoker ontvang 'n eredoktorsgraad in Lettere en Wysbegeerte aan die Randse Afrikaanse Universiteit op 23 April 1988. (Foto: H.G. Stoker-versameling.)

Ook die volgende toekennings getuig van H.G. Stoker se wetenskaplike bydraes oor bykans sewentig jaar: 1957 – Meestersprys van die Afrikaanse Letterkundige

Vereniging; 1964 – Stalsprys vir Wysbegeerte toegeken deur die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns; 1987 – eredoktorsgraad toegeken deur die RAU, asook die Dekorasie vir Voortreflike Diens van die Staatspresident (die hoogste burgerlike toekenning).

Geen lys van akademiese werksaamhede is volledig sonder om te wys op sy redaksionele werksaamhede van onder andere *Koers in die Krisis* (I, II, en III); S.A.C.U.M.-publikasies; die *Bulletin van die Suid-Afrikaanse Vereniging vir die Bevordering van Christelike Wetenskap* en die internasionale wysgerige tydskrif in Nederland, *Philosophia Reformata*, waar hy gedien het sedert 1973.

Daarbenewens is twee proefskrifte oor die werk van Stoker aanvaar, een aan die Vrije Universiteit te Amsterdam (1968) en die ander aan die RAU (1972).

Van sy nagraadse studente het 9 doktorsgrade en 18 magistersgrade onder sy leiding behaal.

## 10. "'n Stille in die land"

So het prof. J.C. van Rooy vir Miriam Francoise Stoker (néé Du Plessis) beskryf by die huweliksonthaal van Hendrik Stoker en sy jong bruid op 28 September 1925. Hiermee het prof. Van Rooy die deugde van die stille maar hardwerkende Miriam Stoker beskryf: deeglik en toegewyd aan haar lewenstaak – iemand van wie 'n sterk ondersteunende krag vir Hendrik Stoker vir langer as 60 jaar uitgegaan het.

Sy was 'n Boeredogter van Middelburg, Kaapprovinsie, wat haarself as onderwyseres bekwaam het – iemand met 'n besonder fyn aanvoeling vir skoonheid en deeglikheid in dié dinge wat sy aangepak het. So getuig haar skool- en musieksertifikate reeds vanaf 1916. Prof. Van Rooy het ook nie nagelaat nie om van haar te sê dat sy in haar werk "doelbewus" was.

Op Maandag, 28 September 1925, is die egpaar deur dr. J.D. du Toit (Totius) in die Gereformeerde Kerk, Pretoria, in die eg verbind. Vir langer as sestig jaar sou sy die lewenslief en -leed met haar eggenoot deel – terloops iemand wat ook 'n fyn afgeronde sin vir humor gehad het. In 'n koerantberig oor die huweliksplegtigheid skemer iets van die immer geestige en ondeunde karakter van die jong Hendrik Stoker deur – iets wat sy lewenslank stilweg waardeer het:

> Hy (die bruidegom) het ten volle beaam wat prof. Van Rooy omtrent die bruid gesê het. Hy het geweet waarom hy die keuse gedoen het, maar waarom die bruid geneë was om hom te neem was vir hom 'n raaisel. Hy het die gaste vermaak met 'n paar verhale omtrent die verstrooidheid van filosowe en daaraan toegevoeg dat die bruid te bewondere was dat sy die moed gehad het om haar te verbind met een van die klas van mense.



Huweliksfoto van H.G. Stoker (tweede van links agter) en M.F. du Plessis op 28 September 1925. Sittende: Mev. L. Stoker, bruid en haar moeder, mev. F. du Plessis. Staande: P. Stoker (vader), Totius (tweede van regs) en die bruid se vader, D.J. du Plessis. (Foto: H.G. Stoker-versameling.)

Van sy kant het Hendrik Stoker nooit die erkenning vir sy vrou se bystand en ondersteuning laat uitbly nie. In 'n lewensbeskrywing by geleentheid van 'n huldiging aan hom, skryf H.G. Stoker aan die Dekaan:

> My vrou mag nie vergeet word nie. Haar sorg en bystand het vir my besonder veel beteken. Ek sit (weeksdae) van soggens vroeg tot plus minus middernag in my studeerkamer (afgesien van maaltye, ontspanning met koffie, tee) en al was sy nooit eensaam nie, was sy veels te veel alleen en het van my nie die aandag gekry waarop sy reg het nie. Tog het sy my altyd in my werk aangemoedig en gehelp waar sy kon. Ek sal dit waardeer as u haar spesiaal noem.

Waarskynlik die beste beskrywing van die geestelike krag wat van hierdie diep gelowige egpaar uitgegaan het, is by geleentheid deur prof. P.J. Coetzee verwoord:

> Met al die agting en waardering en die reine liefde van ons hart groet ons in groot dankbaarheid teenoor God wat die Bron is van al die goeie, ons geliefde prof. Hendrik Gerhardus Stoker. Ons groet hom as sy geestelike kinders wat aan sy voete gesit het. Ons groet ook heel spesiaal sy eggenote, tant Miriam. In die ware sin was sy in haar hele optrede, ja, in haar hele adellike verskyning beeltenis van 'n gelowige vrou en moeder, altyd vriendelik, waardig, innemend, wars van snobisme, belangstellend in ander se welsyn. 'n Ware aristokraat! So het ons hulle leer ken en so ken ons hulle nog: *oom Hendrik en tant Miriam is soos twee bome wat met al hul takke in mekaar ingegroei het tot één boom.*

Ons dank God vir u!

Mag vir ons as hul geestelike kinders die boodskap van dr. C.J. Malan uit 2 Konings 13:20 en 21 met die begrafnis van H.G. Stoker, altyd in herinnering leef.

**SOLI DEO GLORIA**